*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*


# STAATSKOERANT

## VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

## REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# GOVERNMENT GAZETTE

*As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer* — *Registered at the Post Office as a Newspaper*

**PRYS (AVB ingesluit 30c PRICE (GST included)**
**BUITELANDS 40c ABROAD**
**POSVRY · POST FREE**

VOL. 226 — KAAPSTAD, 11 APRIL 1984 — CAPE TOWN, 11 APRIL 1984 — No. 9170


KANTOOR VAN DIE EERSTE MINISTER

No. 695. 11 April 1984

Hierby word bekend gemaak dat die Staatspresident sy goedkeuring geheg het aan die onderstaande Wet wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—

No. 33 van 1984: Wysigingswet op die Onderverdeling van Landbougrond, 1984.

OFFICE OF THE PRIME MINISTER

No. 695. 11 April 1984

It is hereby notified that the State President has assented to the following Act which is hereby published for general information:—

No. 33 of 1984: Subdivision of Agricultural Land Amendment Act, 1984.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



**Wet No. 33, 1984** WYSIGINGSWET OP DIE ONDERVERDELING VAN LANDBOUGROND, 1984

**ALGEMENE VERDUIDELIKENDE NOTA:**

**[ ]** Woorde in vet druk tussen vierkantige hake dui skrappings uit bestaande verordenings aan.

______ Woorde met 'n volstreep daaronder, dui invoegings in bestaande verordenings aan.

# WET

**Tot wysiging van die Wet op die Onderverdeling van Landbougrond, 1970, ten einde sekere verouderde benamings te vervang; en die verbod op sekere handelinge met betrekking tot gedeeltes van landbougrond sonder die skriftelike toestemming van die Minister van Landbou, op te hef; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.**

*(Engelse teks deur die Staatspresident geteken.)*
*(Goedgekeur op 9 Maart 1984.)*

DAAR WORD BEPAAL deur die Staatspresident en die Volksraad van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

Wysiging van artikel 1 van Wet 70 van 1970, soos gewysig deur artikel 1 van Wet 55 van 1972, artikel 1 van Wet 18 van 1977, artikel 1 van Wet 12 van 1979 en artikel 1 van Wet 18 van 1981.

**1.** Artikel 1 van die Wet op die Onderverdeling van Landbougrond, 1970, word hierby gewysig—

*(a)* deur in paragraaf *(a)* van die omskrywing van "landbougrond" die woorde "openbare gesondheidsgebied soos omskryf in artikel 1 van die Ordonnansie op die Kommissie vir Plaaslike Gesondheid (Beheer oor Openbare Gesondheidsgebiede)" deur die woorde "ontwikkelingsgebied soos omskryf in artikel 1 van die Ordonnansie op die Raad op Ontwikkeling en Dienste" te vervang;

*(b)* deur in paragraaf *(b)* (ii) van die omskrywing van "landbougrond" die woorde "openbare gesondheidsgebied" deur die woord "ontwikkelingsgebied" te vervang; en

*(c)* deur die omskrywing van "Minister" deur die volgende omskrywing te vervang:
"'Minister' die Minister van Landbou **[en Visserye]**;".

Wysiging van artikel 3 van Wet 70 van 1970, soos vervang deur artikel 3 van Wet 18 van 1977 en gewysig deur artikel 2 van Wet 12 van 1979.

**2.** (1) Artikel 3 van die Wet op die Onderverdeling van Landbougrond, 1970, word hierby gewysig—

*(a)* deur paragraaf *(e)* deur die volgende paragraaf te vervang:

"*(e)* (i) mag geen deel van landbougrond, hetsy opgemeet of nie, en hetsy daar 'n gebou daarop is of nie, verkoop of vir verkoop geadverteer word nie, behalwe vir die doeleindes van 'n myn soos omskryf in artikel 1 van die Wet op Myne en Bedrywe, 1956 (Wet No. 27 van 1956); en

(ii) mag geen reg op so 'n deel verkoop of vir 'n tydperk van meer as 10 jaar of vir die natuurlike lewensduur van iemand of aan dieselfde persoon vir tydperke wat gesamentlik meer is as 10 jaar verleen word nie, of vir verkoop of met die oog op enige sodanige verlening gead-

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*



**GENERAL EXPLANATORY NOTE:**

[ ] Words in bold type in square brackets indicate omissions from existing enactments.

______ Words underlined with solid line indicate insertions in existing enactments.

# ACT

**To amend the Subdivision of Agricultural Land Act, 1970, so as to substitute certain obsolete designations; and to abolish the prohibition of certain actions regarding portions of agricultural land without the written permission of the Minister of Agriculture; and to provide for matters connected therewith.**

*(English text signed by the State President.)*
*(Assented to 9 March 1984.)*

BE IT ENACTED by the State President and the House of Assembly of the Republic of South Africa, as follows:—

Amendment of section 1 of Act 70 of 1970, as amended by section 1 of Act 55 of 1972, section 1 of Act 18 of 1977, section 1 of Act 12 of 1979 and section 1 of Act 18 of 1981.

**1.** Section 1 of the Subdivision of Agricultural Land Act, 1970, is hereby amended—

*(a)* by the substitution in paragraph *(a)* of the definition of "agricultural land" for the words "public health area as defined in section 1 of the Local Health Commission (Public Health Areas Control) Ordinance" of the words "development area as defined in section 1 of the Development and Services Board Ordinance";

*(b)* by the substitution in paragraph *(b)* (ii) of the definition of "agricultural land" for the words "public health area" of the words "development area"; and

*(c)* by the substitution for the definition of "Minister" of the following definition:

"'Minister' means the Minister of Agriculture **[and Fisheries]**;".

Amendment of section 3 of Act 70 of 1970, as substituted by section 3 of Act 18 of 1977 and amended by section 2 of Act 12 of 1979.

**2.** (1) Section 3 of the Subdivision of Agricultural Land Act, 1970, is hereby amended—

*(a)* by the substitution for paragraph *(e)* of the following paragraph:

"*(e)* (i) no portion of agricultural land, whether surveyed or not, and whether there is any building thereon or not, shall be sold or advertised for sale, except for the purposes of a mine as defined in section 1 of the Mines and Works Act, 1956 (Act No. 27 of 1956); and

(ii) no right to such portion shall be sold or granted for a period of more than 10 years or for the natural life of any person or to the same person for periods aggregating more than 10 years, or advertised for sale or with a view to

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*



verteer word nie, behalwe vir die doeleindes van 'n myn soos omskryf in artikel 1 van die Wet op Myne en Bedrywe, 1956;"; en

*(b)* deur in paragraaf *(f)* die woord "gesondheidsgebied" deur die woord "ontwikkelingsgebied" te vervang.

(2) Die bepalings van subartikel (1) *(a)* word geag op 4 Maart 1981 in werking te getree het.

Kort titel.

**3.** Hierdie Wet heet die Wysigingswet op die Onderverdeling van Landbougrond, 1984.

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*



any such granting, except for the purposes of a mine as defined in section 1 of the Mines and Works Act, 1956;" and

*(b)* by the substitution in paragraph *(f)* for the words "public health area" of the words "development area".

(2) The provisions of subsection (1) *(a)* shall be deemed to have come into operation on 4 March 1981.

Short title.

**3.** This Act shall be called the Subdivision of Agricultural Land Amendment Act, 1984.